Hoe om ‘n tolletjie-trekker te maak

‘n Tolletjie-trekker hou seuns vir baie lank besig. Maak ‘n tolletjie-trekker tydens ‘n spanbyeenkoms, kamp of as deel van ‘n spesialisasie bv. Toeka, Handvaardigheid of Beeldende Kunste.

? Stappe

1. Begin deur die vraag te vra: **“Waarmee speel julle by die huis? / Wat doen julle om julle besig te hou as julle nie huiswerk het nie”**. Laat elke kind die vraag antwoord.
Afhangend van die ouderdomsgroep sal die antwoorde hoofsaaklik wees: TV of DVD’s kyk, rekenaarspeletjies, lees, lego, speel met die hond of kat ens.

   Waarom speel kinders vandag minder as 20 jaar terug?
   - Dit is onveilig om buite te speel.
   - Daar is nie speelplek rondom die huis nie.
   - Kinders is minder aktief.
   - Buitemuurse programme is te vol.
   - Daar is nie tyd nie.

   Watter speletjies is goeie speletjies om te speel?
   Speletjies wat jou aktief besig hou. Speletjies soos skaak wat jou laat dink.
   Speletjies wat pret is.

   Waarmee dink julle het die kinders wat in die Groot Trek was gespeel?
   Hulle moes hulle eie speelgoed maak. Hulle het ook hulle ouers gehelp. Ons gaan vandag vir ons self speelgoed maak.

2. Maak ‘n tolletjie-trekker om mee te speel. Jy benodig:
   ‘n Houtgaretolletjie of houtwiel met ‘n gat binne.
   ‘n Stukkie kers met ‘n gat in.
   Twee spykers
   ‘n Rekkie
   ‘n Lang en ‘n kort stokkie

   Maak die trekker so:
   Kap die spykers ‘n ent uitmekaar in die tolletjie in.
   Sit die rekkie om die kort stokkie. Druk die rekkie deur die gaatjie en ook deur die kers se gaatjie. Druk die lang stok deur die ogie van die rekkie.
   Wen nou die trekke op deur die lang stok al in die ronde te draai totdat die rekkie styf is.
   Sit die trekkertjie neer. Die rekkie sal afwen en die trekkertjie sal vorentoe beweeg. Spanlede kan tussen mekaar ‘n kompetisie hou.

📻 Video

Tolletjie-trekker.avi

☺ Wenke

1. Die stukkie kers breek maklik. Help die kinders om die kers te sny. Laat hulle self die spykers inkap.
2. Die wieletjie moet nie te swaar wees nie.

☠ Waarskuwings

1. Die tolletjietrekker ry nie baie ver nie, maar ver genoeg om pret te verskaf.